* No. 1953.] [17 December 1937.

WAGE ACT.—CORRECTION TO GOVERNMENT NOTICE No. 1907 OF THE 10TH DECEMBER, 1937.

The following correction to Government Notice No. 1907 appearing the *Government Gazette* of the 10th December, 1937, is published for general information:—

In clause 11 (1) (*b*) of the Afrikaans version of the Schedule, between the words "kante" and "raak" insert "en vir meer as een week".

## UNION DEPARTMENT OF EDUCATION.

The following Government Notices are published for general information.

* No. 1951.] [17 December 1937.

RECOGNITION OF AN INSTITUTION AS A STATE-AIDED SCHOOL UNDER ACT No. 29 OF 1928.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Education has, in terms of section *two* of Act No. 29 of 1928, been pleased to approve of the recognition of the institution known as the School for Coloured Deaf and Dumb, Worcester, as a State-aided school under the said Act with effect from the 1st April, 1936.

* No. 1952.] [17 December 1937.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Education has appointed the following Committee to investigate and report upon medical training in South Africa:—

(1) Professor M. C. Botha, Secretary for Education (Chairman).

(2) Dr. S. M. de Kock, Vice-Chairman of the General Medical Council.

(3) Dr. K. Bremer, Member of the General Medical Council.

(4) Sir Edward Thornton, Secretary for Public Health.

(5) Dr. P. J. du Toit, Director of Veterinary Services.

*Terms of Reference.*—The Committee to investigate and report upon the following matters:—

(1) Whether the facilities for medical training in South Africa at present available are sufficient and adequate, having regard to the present and prospective future needs of the various sections of the Union's population;

(2) what steps should be taken to remove such weaknesses as may be found to exist at the existing medical schools, and in this connection whether steps should be taken to fix a quota of students at such schools;

(3) if it is found to be necessary to expand the existing facilities, whether, having regard to the financial and all other relevant considerations, this could most suitably and appropriately be done at existing medical schools or by the establishment of an additional school or schools, and in the latter event what centre or centres would be most suitable for the purpose.

Dr. E. G. Malherbe, Director of the Bureau for Educational and Social Research, will act as Secretary to the Committee.

## DEPARTMENT OF INTERIOR.

The following Government Notices are published for general information:—

* No. 1927.] [8 December 1937.

THE NATURAL AND HISTORICAL MONUMENTS, RELICS AND ANTIQUES ACT, 1934.—PROTECTION OF MONUMENTS.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has been pleased, under the powers vested in him by section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934), to proclaim the object set out in the Schedule below to be an antique in terms of paragraph (*c*) of that section.

SCHEDULE.

IN THE CAPE PROVINCE.

| *Object.* | *Situation.* |
|---|---|
| Sundial. | The Residency, Seymour. |

* No. 1953.] [17 Desember 1937.

LOONWET.—KORREKSIE AAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1907 VAN 10 DESEMBER 1937.

Die volgende korreksie aan Goewermentskennisgewing No. 1907 wat in die *Staatskoerant* van 10 Desember 1937 verskyn, word vir algemene inligting bekendgemaak:—

In klousule 11 (1) (*b*) van die Afrikaanse teks van die skedule, tussen die woorde „kante" en „raak" voeg in „en vir meer as een week".

## UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

* No. 1951.] [17 Desember 1937.

ERKENNING VAN 'N INRIGTING AS 'N STAATSONDERSTEUNDE SKOOL KRAGTENS WET No. 29 VAN 1928.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Onderwys behaag het om, kragtens artikel *twee* van Wet No. 29 van 1928, die erkenning van die inrigting bekend as die Kleurling-Doofstomskool, Worcester, as 'n Staatsondersteunde skool onder genoemde Wet vanaf 1 April 1936 goed te keur.

* No. 1952.] [17 Desember 1937.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Onderwys onderstaande Komitee benoem het om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor geneeskundige opleiding in Suid-Afrika:—

(1) Professor M. C. Botha, Sekretaris van Onderwys (Voorsitter).

(2) Dr. S. M. de Kock, Ondervoorsitter van die Algemene Geneeskundige Raad.

(3) Dr. K. Bremer, L.V., lid van die Algemene Geneeskundige Raad.

(4) Sir Edward Thornton, Sekretaris van Volksgesondheid.

(5) Dr. P. J. du Toit, Direkteur van Veeartsenydiens.

*Opdrag.*—Die Komitee moet ondersoek instel na en verslag uitbring oor die volgende sake:—

(1) Of die tans beskikbare fasiliteite in Suid-Afrika vir geneeskundige opleiding genoegsaam en voldoende is met inagneming van die huidige en toekomstige behoeftes van die onderskeie seksies van die bevolking van die Unie;

(2) watter stappe gedoen moet word om swakhede wat in bestaande mediese skole blyk te bestaan, uit die weg te ruim en of in hierdie verband stappe gedoen moet word om 'n kwota vas te stel vir die aantal studente aan sulke inrigtings.

(3) of, as dit nodig geag word om die bestaande fasiliteite uit te brei, met die inagneming van geldelike oorwegings of ander wat op die saak betrekking het, dit nie bes aan die bestaande skole gedoen kan word nie, dan wel of nog 'n skool of skole opgerig moet word, en in laasgenoemde geval, watter plek of plekke die geskikste vir hierdie doel sal wees.

Dr. E. G. Malherbe, Direkteur van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, sal optree as Sekretaris van die Komitee.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

* No. 1927.] [17 Desember 1937.

DIE WET OP NATUURLIKE EN HISTORIESE GEDENKWAARDIGHEDE EN OUDHEDE, 1934.—BESKERMING VAN MONUMENTE.

Hierby word vir algemene inligting aangekondig dat dit die Minister van Binnelandse Sake behaag het om, kragtens die mag aan hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), die voorwerp, soos uiteengesit in onderstaande bylae, te proklameer as 'n antieke voorwerp kragtens paragraaf (*c*) van daardie artikel.

BYLAE.

IN DIE KAAPPROVINSIE.

| *Voorwerp.* | *Ligging.* |
|---|---|
| Sonwyser. | Die Residensie, Seymour. |